



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1**VERVAARDIGING****(43 punte, 26 minute)****Inligting aangaande Mwarira Sweetpakvervaardigers**

Mwarira Sweetpakvervaardigers produseer sweetpakke wat gemaak word van sagte, gemaklike materiaal soos katoen en vliesstof. Die sweetpakke is beskikbaar in 'n verskeidenheid van style, kleure en groottes.

Mwarira Sweetpakvervaardigers koop grondstowwe by China en plaaslike verskaffers.

Inligting vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2024 word voorsien.

1. Voorraadsaldo's:

	31 Augustus 2024	1 September 2023
	R	R
Grondstowwe	4 080	6 792
Goedere-in-bewerking	4 560	3 960
Indirekte fabrieksmateriaal	516	780

2. Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2024.

	R
Reklame	6 000
Afleweringkoste op verkope	3 204
Indirekte fabrieksmateriaal op krediet gekoop	3 936
Aankope van grondstowwe vir kontant	58 500
Aankope van grondstowwe op krediet	75 060
Vraggeld op grondstowwe aangekoop	2 688
Grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	4 356
Salarisse en lone: Produksiewerkers	44 160
Administrasie	14 880
Indirekte arbeid	9 600
Pensioenfondsbydraes: Produksiewerkers	3 840
Administrasiepersoneel	1 560
Verkope van klaarprodukte (20%-wingsgrens op kosprys)	378 600
Water en elektrisiteit	21 960
Huuruitgawes	29 568
Instandhouding van fabriekstoerusting	3 120

3. Bykomende inligting:

- (i) Grondstowwe wat uit China ingevoer is, is op 31 Augustus 2024 afgelewer. Die koste was soos volg:

- Koste van grondstowwe, ¥2 890
- Vraggeld op aankope, ¥125
- Invoerbelasting, ¥280

Die wisselkoers was 1 Chinese joean (¥) = R2,60 Suid-Afrikaanse rand.

- (ii) Indirekte arbeid: 75% is vir die fabriek en die res word gelykop verdeel tussen verkope en verspreiding, en die administrasie-afdeling.

- (iii) Water en elektrisiteit word in die verhouding 3:1:1 tussen die fabriek, verkope en verspreiding, en administrasie departemente verdeel.
- (iv) 50% van die huuruitgawes word aan die fabriek toegewys en die res word gelykop verdeel tussen verkope en verspreiding, en die administrasie-afdeling.
- (v) Waardevermindering is soos volg bereken:
- Fabriekstoerusting, R3 816
 - Verkoopsvoertuie, R7 320
 - Administratiewe toerusting, R2 304

- (vi) Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste:

	Tipe koste	31 Augustus 2024 R
Verkope		378 600
Koste van verkope		?
Bruto wins		?
Administratiewe uitgawes	Vas	(28 560)
Verkoops- en verspreidingskoste	Veranderlik	(30 564)
Netto wins vir die jaar		?

- (vii) Uittreksel uit die Produksiekostestaat:

	Tipe koste	2024 R	2023 R
Direkte materiaalkoste	Veranderlik	?	53,20
Direkte arbeidskoste	Veranderlik	?	
Primêre koste		?	
Fabrieksbokoste	75% vas	?	
Totale koste van produksie		?	
Getal sweetpakke geproduseer		3 084	

- (viii) 560 voltooide sweetpakke is aan die einde van die jaar nie verkoop nie.
- (ix) Die verkoopsprys van soortgelyke produkte wat deur mededingers geproduseer word, is R130 elk.

VRAAG 2**VOORRAAD****(30 punte; 18 minute)****Inligting aangaande Lahja Handelaars**

Shigwedha Lahja is die eienaar van Lahja Handelaars. Hul hoofkantoor is in Suid-Afrika. Die onderneming voer waterdigte sportbuissakke van Zambië af in. Hierdie sakke is spesifiek bedoel vir atlete, buitlugentoesiaste en reisigers wat 'n betroubare en waterdigte oplossing nodig het om hul goed te dra. Hierdie sak maak dit moontlik om sporttoerusting, klere, skoene en ander noodsaaklikhede gerieflik te dra, aangesien dit ruim kompartemente en talle sakkies het.



- Vraggeld op aankope bly deur die jaar konstant op R208 per item gekoop.
- Lahja Handelaars gebruik die **periodieke** voorraadstelsel vir hul voorraad en waardeer dit deur die **geweegde gemiddelde**-metode te gebruik. Die finansiële jaareinde is 31 Oktober 2024.

Inligting:**1. Voorraad van waterdigte sportbuissakke:**

Die waarde van voorraad aan die begin van die finansiële jaar was soos volg. Dit sluit vraggeld in.

Datum	Getal items	Prys per sak (vraggeld ingesluit)	Totale waarde
1 November 2023	1 520	R1 435	R2 181 200

2. Aankope van waterdigte sportbuissakke:

Datum	Getal items	Kosprys per item (vraggeld uitgesluit)	Totale aankope (vraggeld uitgesluit)	Totale vraggeld op aankope	Totale aankope (vraggeld ingesluit)
		R	R	R	R
1 Desember 2023	1 250	1 349	1 686 250	260 000	1 946 250
10 Mei 2024	1 100	1 499	1 648 900	228 800	1 877 700
25 Augustus 2024	750	1 390	1 042 500	156 000	1 198 500
Totale	3 100		4 377 650	644 800	5 022 450

3. Doeaneregte vir alle sakke wat gedurende die jaar gekoop is, beloop R1 255 612.
4. Die onderneming het drie waterdigte sportbuissakke in die huidige finansiële jaar geskenk. Die verkoopsprys was R1 873,75 vir elke sak. 'n Winsgrens van 25% word deur Lahja Handelaars gehandhaaf.
5. **Terugsendings van waterdigte sportbuissakke:**
 - 215 waterdigte sportbuissakke van die aankope op 1 Desember 2023 is vanweë 'n vervaardigingsfout aan die verskaffer teruggestuur.
 - 99 waterdigte sportbuissakke van die aankope op 25 Augustus 2024 is ook aan die verskaffer teruggestuur omdat die verkeerde kleure van die sakke afgelewer is.
 - Daar is geen terugbetaling vir vraggeld en doeaneregte nie.
6. Die fisiese voorraadopname op 31 Oktober 2024 het 300 waterdigte sportbuissakke voorhande getoon.
7. **Verkope van waterdigte sportbuissakke:**

4 000 waterdigte sportbuissakke is verkoop. Die verkoopsprys van waterdigte buissakke is R2 333,50 elk.

VRAAG 3**KONTANTVLOEISTATE****(66 punte; 40 minute)****Inligting aangaande Temba Bpk.****Temba Bpk.****Staat van Finansiële Posisie op 31 Oktober**

BATES	Aant.	2024 R	2023 R
Niebedryfsbates		51 782 000	45 009 000
Vaste (tasbare) bates		40 341 000	34 894 000
Finansiële bates: Belegging		11 441 000	10 115 000
Bedryfsbates		?	32 057 000
Voorraad (slegs handelsvoorraad)		?	18 396 000
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	1	7 009 000	5 179 000
Kontant en kontantekwivalente		10 785 000	8 482 000
Totale bates		?	77 066 000
Ekwiteit en laste			
Ekwiteit		?	21 204 000
Gewone aandelekapitaal		?	15 025 000
Behoue inkomste		?	6 179 000
Niebedryfslaste		?	27 577 000
Lening: Sebastian Bank teen 16% p.j.		?	27 577 000
Bedryfslaste		32 488 000	28 285 000
Handels- en ander bedrae betaalbaar	2	27 490 000	27 064 000
Bankoortrekkings		4 998 000	1 221 000
Totale ekwiteit en laste		?	77 066 000

Aantekeninge by die finansiële state:

1	Handels- en ander ontvangbare rekeninge	2024 R	2023 R
	Handelsdebiteure	5 988 000	3 921 000
	Opgelope inkomste/Ontvangbare inkomsterekeninge (huurinkomste)	800 000	358 000
	Vooruitbetaalde uitgawes	221 000	384 000
	SAID: Inkomstebelasting	0	516 000
		7 009 000	5 179 000

2	Handels- en ander bedrae betaalbaar	2024 R	2023 R
	Handelskrediteure	22 489 000	23 356 000
	Opgelope uitgawes/Uitgawebedrae betaalbaar (diverse uitgawes)	991 000	873 000
	Uitgestelde inkomste	184 000	78 000
	SAID: Inkomstebelasting	661 000	0
	Aandeelhouders vir dividende	3 165 000	2 757 000
		27 490 000	27 064 000

Bykomende inligting:

1. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste

Waardevermindering	5 406 000
Rente-uitgawe	2 999 000
Inkomstebelasting (30% van wins voor belasting)	2 556 000

2. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 2 000 000 gewone aandele.

- Daar was 601 000 uitgereikte gewone aandele aan die begin van die 2024-finansiële jaar.
- 'n Verdere 375 000 nuwe aandele is op die eerste dag van die finansiële jaar uitgereik teen R20 elk.
- Op die laaste dag van die 2024-finansiële jaar is 54 650 gewone aandele by 'n aandeelhouer teruggekoop teen 'n terugkoopprys van R39 per aandeel.

3. Tussentydse dividende is gedurende die jaar betaal. Die nuwe aandele wat aan die begin van die jaar uitgereik is, kwalifiseer vir tussentydse dividende. Finale dividende is ook aanbeveel.

4. Vaste (tasbare) bates:

- Vaste (tasbare) bates wat op R11 840 600 gewaardeer word, is die enigste tasbare bates wat gedurende die 2024-finansiële jaar vir kontant gekoop is.
- Toerusting is op 31 Oktober 2024 teen drawaarde vir kontant verkoop.

5. Nadat die leningstaat ontvang is, is vasgestel dat R3 154 640 (rente-uitgawebetalings uitgesluit) gedurende die huidige finansiële jaar betaal en opgeteken is. 'n Verhoging in die bestaande lening is in 2024 ontvang en opgeteken. Rente op lening word gekapitaliseer.

6. Die volgende finansiële aanwysers vir 2024 is bereken:

- Bedryfsverhouding, 1,22 : 1.
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang, 25%.

VRAAG 4**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(61 punte, 37 minute)****Inligting aangaande Mia Bpk.**

Die volgende saldo's en totale is op 31 Oktober 2024 uit die Vooraansuiweringsproefbalans van Mia Bpk. onttrek:

Staat van Finansiële Posisie	
Verband: NK Bank (rentekoers: 18% p.j.)	1 800 000
Voertuie	?
Toerusting	1 425 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 November 2023)	2 025 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 November 2023)	675 000
Vaste deposito: NK Bank (rentekoers: 12% p.j.)	1 350 000
Handelsvoorraad	1 111 350
Bank (dt.)	67 800
Bydraes deur die maatskappy	68 100
SAID: LBS	96 150
SAID: Inkomstebelasting (kt.)	150 000
Nominale rekeninge-afdeling	
Debiteureafslag	30 000

Bykomende inligting en aansuiwerings:

- Die inskrywings rakende die volgende is nie gemaak nie:
 - 'n Faktuur wat aan 'n debiteur uitgereik is vir kredietverkope van R60 000 voordat 'n handelskorting van 20% toegestaan is. Hierdie goedere is teen kosprys plus 'n 50%-wingsgrens verkoop.
 - 'n Kredietnota wat aan 'n debiteur uitgereik is vir handelware wat teruggestuur is, R97 500. Die kosprys van hierdie goedere is R78 000. Die goedere is in die voorraad teruggeplaas.
- T. Nhando, 'n debiteur wat R18 000 geskuld het, is insolvent verklaar. 70 sent in rand is van sy insolvente boedel ontvang, maar nog nie opgeteken nie. Die res moet as onverhaalbaar afgeskryf word.
- C. van Aswegen wie se rekening van R2 700 as onverhaalbaar afgeskryf is, het daarna die skuld ten volle vereffen. Die rekenmeester het die volgende inskrywings in hierdie verband gemaak:

Oninbare skuld gedebiteer en Debiteurekontrole gekrediteer. Korrigeer die fout.
- Suiwer die voorsiening vir oninbare skuld aan tot R31 148.
- Verpakkingsmateriaal wat vir R4 500 gekoop is, is verkeerdelik na die handelsvoorraadrekening gepos. Korrigeer die fout.
- Verpakkingsmateriaal ter waarde van R60 000 is gedurende die finansiële jaar gebruik.

7. Die finale voorraadtelling het 'n handelsvoorraadtekort van R72 750 getoon.
8. Die versekeringspremies op maatskappyvoertuie is vir 11 maande betaal. Let wel: Na die jaarlikse hersiening van die polis is die premie op 1 Julie 2024 met 8% verlaag.
9. Ingesluit in die huurinkomstebedrag is huur van R72 000 vir die tydperk 1 Februarie 2024 tot 31 Januarie 2025.
10. Een van die werknemers wat op 30 September 2024 bedank het, is nie van die betaalstaat verwyder nie en is in Oktober 2024 betaal. Die fout moet reggestel word. Die volgende inligting is op die werknemer van toepassing:

Bruto salaris	R27 000
LBS: Aftrekking	R3 240
Pensioenfonds: Aftrekking	R1 710
WVF: Aftrekking	1% van die bruto salaris, beperk tot R177

Die werkgewer dra R2 by vir elke rand wat vir die pensioenfonds van die werknemer se salaris afgetrek word en rand vir rand tot die WVF. Hierdie items word as bydraes deur die maatskappy beskou.

11. Maak voorsiening vir uitstaande rente op lening. 'n Betaling van R450 000 is op 29 Februarie 2024 op die verband gedoen en dit is behoorlik opgeteken.
12. Daar moet soos volg voorsiening gemaak word vir waardevermindering op vaste bates vir die huidige finansiële jaar:
 - Op toerusting teen 10% p.j. volgens die verminderende saldo-metode. **Let wel:** 'n Nuwe rekenaar met 'n kosprys van R23 000 is op 1 Februarie 2024 vir kontant gekoop. Die transaksie is nog nie opgeteken nie.
 - Op voertuie teen R150 000.
13. Inkomstebelasting vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2024 beloop R145 846. Dit moet nog in rekening gebring word.